Ernstige tekort

Die gebede van God se kinders word oor die wêreld heen beantwoord, namate evangeliste en sendelinge die vrug op hul arbeid sien. Miljoene mense wend hulle tot Christus. Ons kan hieroor juig! Maar ...

- Baie bekeerlinge ontvang geen nasorg nie.
- Kerke bly swak en "oppervlakkig".
- Sektes floreer vanweë die gebrek aan geestelike volwassenheid.

Die antwoord op hierdie groot probleem lê daarin om die Bybel aan gelowiges te verskaf.

- Die Bybel onderrig ons in die weg en die waarheid.
- Die Bybel gee gemoedsrus, aanmoediging, leiding en motivering.
- Die Bybel openbaar God se wil, Sy liefde en Sy beloftes vir ons lewe.

Stel jou 'n hele kerk sonder 'n Bybel voor! Stel jou voor dat jy op jou geheue moet staatmaak vir Skrifgedeeltes wat jy gehoor het. Stel jou voor dat daar geen manier is om antwoorde te vind in jou tyd van nood nie.

Dit is die vooruitsig vir die meeste gelowiges in Afrika, tensy ons iets omtrent hierdie tragedie doen.
Word ons vennoot om Bybels aan die kinders van God wat na sy Woord smag, te verskaf!

BIBLES FOR BELIEVERS

Suid-Afrika
Bibles for Believers
Posbus 3571
Kenmare, Krugersdorp, 1745
Republiek van Suid-Afrika

Tel.: 011-955-1814 Faks: 086 699 7333
E-pos: easy2rem@mweb.co.za
www.biblesforbelievers.org
Gee Aanlyn:
http://www.biblesforbelievers.org

VSA
Bibles for Believers
c/o Hope Builders International
PO Box 317
Greenwood, VA 22943

Tel.: 540-456-7300 Faks: 540-456-7288

Engeland
Bibles for Believers
c/o The Dove Trust
P. O. Box 92
Bawdeswell
Norfolk
NR20 4AA
Charity No. 287401

Tel: 0944 845 130 3683 Faks: 0944 1362 686208
www.charitygiving.co.uk
Online Giving: http://www.charitygiving.co.uk

Bibles for Believers is 'n geregistreerde Artikel 21 Openbare Weldaadsorganisasie, Nommer 2007/020319/08.

Bankbesonderhede:
Bibles For Believers, ABSA Bank Westgate, Rekeningnommer 4075040885, Takkode 632005.

BIBLES FOR BELIEVERS

Vennote om God se Woord aan God se kinders te bring

Sommige Projekte in Afrika

Demokratiese Republiek van die Kongo: 20 000 Bybels word benodig.
- Bybels in Frans, Kongolees en Lingala.

Zambië: Meer as 80 000 Bybels word benodig.
- Honderde nuwe kerke in die Koperstreek van Zambië benodig Bemba Bybels.
- Lozi, Tonga en Kaunde Bybels word benodig.

Malawië: 80 000 Chichewa en Yao Bybels word benodig.
- Moslem-dorpies in geheel in die Salima en Nkhotakhota distrikte van Malawië het Christus aangeneem. Hulle het die Koran, maar baie min Bybels.

Mosambiek: 60 000 Portugese Bybels nodig vir die Makua mense. Bid vir 'n Makua vertaling.

Mosambiek: 30 000 Tsonga en Sena Bybels en 30 000 Portugese Bybels word benodig.
- Honderde nuwe kerke is in Mosambiek gestig en hulle benodig Bybels.

Het jy geweet...

- Op baie plekke het selfs *leraars* en *leiers* nie Bybels nie.
- Mense het die Woord in hul moedertaal nodig. Stel jou voor jy het 'n tweede taal op skool geleer en jy moet hierdie taal nou vir jou daaglikse Bybelstudie gebruik.
- Dit is gerusstellend om te weet dat die Bybel nou reeds in verskeie tale vertaal is. Ongelukkig het baie mense nog steeds nie Bybels nie, bloot omdat hulle nie 'n Bybel kan bekostig nie.
- Sektes en die Islam stort miljoene kopieë van hul heilige geskrifte in die sendingveld. Dit bring mee dat hulle literatuur dikwels meer beskikbaar is as die Bybel.
- Bibles for Believers gee die Bybel slegs aan mense wat hulle reeds tot Christus bekeer het en vir 'n dissipelskapkursus ingeskryf het.
- Bibles for Believers werk saam met evangeliese organisasies wat glo dat die Bybel die gesaghebbende Woord van God is.

Wat kan ek doen?

Gee Jou bydrae sal 'n verskil maak in die lewens van broers en susters in Christus. Bibles for Believers sal jou bydrae gebruik om Bybels te koop en dit aan behoeftige Christene te besorg. Indien jy 'n spesifieke projek wil ondersteun, sal ons jou bydrae by dié van ander voeg en Bybels aan die projek lewer.
Maandelikse bydraes: Gereelde bydraes stel ons in staat om beter te beplan, sodat ons genoeg vooraad kan bestel. Jou maandelikse bydrae sal baie bekeerlinge help om dissipels te word. Debietorderforms beskikbaar by **www.biblesforbelievers.org**

Bid gereeld vir Bibles for Believers, die groeiende kerk, Christene wat ly en ook diegene wat te arm is om hul eie Bybel te koop. Bid vir kerkplanters asook sendelinge en evangeliste wat siele vir Christus wen. Bid vir die mentors en leiers wat nuwe gelowiges oplei. Skryf aan ons as jy gereeld 'n gebeds- of nuusbrief wil ontvang.

Gaan Verskeie uitreike en Bybelplasings word jaarliks na die sendingvelde van Afrika gereël. Sluit aan by ons sendingvennote op 'n reis wat jou lewe sal verander. Registreer nou!
Meer inligting by **www.mission.co.za** en **www.biblesforbelievers.org**

Doen Bibles for Believers het verteenwoordigers in elke gemeenskap nodig. Begin 'n Bybelprojek in u gemeenskap of onder u vriende of sakevennote. Besoek die webwerf vir meer inligting en skakel ons as u graag betrokke wil raak.

God roep jou om deel van sy plan te wees!

Vir meer inligting besoek gerus:

www.biblesforbelievers.org